# AMPSBEHARTIGING, AMPSBEDIENING EN AMPSGEBORGENHEID: ENKELE PERSPEKTIEWE OP H.G. STOKER SE REGSBESKOUING

**A.W.G. Raath**

*Dept. Regsfilosofie, Univ. van Bophutatswana*

*ABSTRACT*

*Stokers's inquiry into the jural realm, i.e. into human* rights, *jurial* norms *and the jural* order, *in relation to the divinely ordained* status *or* office *of man in cosmic reality, is subjected to a critical evaluation. According to Stoker this status pertains to both* individuals *and* social bodies *and their mutual relatedness. Stoker's views on* administration-in-office *are briefly compared to L. M. du Plessis's views on the law as* security-in-office. *Furthermore Stoker's appraoch of the jural realm according to the* order of creation *as well as to* the order of the fall of man *is critically evaluated in the light of criticism from the ranks of the* Philosophy of the Cosmonomic Law Idea. *Such an analysis highlight the perspectives opened up by Stoker's views on the nature of the law.*

In sy inougurele rede wat Stoker by aanvaarding van 'n ere-professoraat in die wysbegeerte aan die Randse Afrikaanse Universiteit in 1970 uitgespreek het, bied hy op sistematiese wyse 'n uiteensetting van sy regsopvatting.

In die eerste plek blyk dit dat Stoker homself met sy benadering van die reg gaan besig hou met aangeleenthede soos menseregte, regsnorme en die regsorde. (Stoker, 1970: summary). Met sy ondersoek wil Stoker aantoon dat die reg toebehoort tot die *mens* en sy *roeping* as beheerser van die skepping. Hy wil ook aantoon dat hierdie aangeleentheid sowel die individu as die onderskeie samelewingskringe ten nouste raak (1970: summary).

Voorts wil Stoker ook aantoon dat die reg *kreatuurlik* en *menslik* is, *universeel* in sy gelding, *uniek* en *onherleibaar* is, dat dit 'n bepaalde soort fundamentele *orde* bepaal en dat dit 'n eie *gelding* het (1970: summary).

Hy benader die reg met die orde van die skepping *sowel as* die orde van die sondeval as gegewenes. In sy ondersoek skenk Stoker ook aandag aan die *onveranderlikheid* van die reg soos onderskeibaar van die *historiese ontwikkeling* daarvan (1970: summary).

Ten slotte wil hy die aandag vestig op die *verskille* en ooreenkomste tussen die deelname van die staat en die individu aan die reg (1970: summary).

Alhoewel Stoker geen regswetenskaplike is nie, het hy homself as wysgeer op

so wyse oor die aard en die rol van die reg gaan besin dat belangwekkende perspektiewe vir toekomstige uit- en ombouing blootgelê is.

## 1. ENKELE ASPEKTE VAN STOKER SE REGSBESKOUING

*Enkele onderskeidinge*

In sy metodiese benadering tot die vraagstuk van reg benader Stoker die aangeleentheid vanuit die wysbegeerte as wetenskap van die kosmiese totaliteit. Dit is opmerklik dat Stoker nie vanuit die juridiese vakwetenskappe met die transendentale metode deurdring tot die wysgerige veronderstellings wat aan die vakwetenskappe ten grondslag lê nie (1970:7).

Dit is juis hierdie faset van sy metodologiese aanpak wat Stoker se benadering besonder beagtenswaardig maak.

Stoker meen dat die reg voorwetenskaplik by alle mense as 'n regsbesef aanwesig is en al sou die regswetenskaplike presies weet wat die reg is, sal hy dit nogtans moeilik vind om sy wete onder woorde te bring (1970:8). Hy meen vervolgens dat by die ondersoek na die aard en die rol van die reg die Christen noodwendig met alle relevante gegewens rekening moet hou. Om hierdie rede is Skrifgegewens ook relevant. Vanuit die Heilige Skrif kan ons die volgende aangaande die reg te wete kom:

(i) "dat daar 'n absolute reg van God en menslike reg bestaan; dat die mens geen reg teenoor God het nie en dat die menslike reg — soos die hele geskape werklikheid — sy oorsprong in God vind uit, deur en tot Wie álle dinge is";

(ii) "dat menslike reg nie absoluut is nie, maar geheel en al *kreatuurlik*, onselfgenoegsaam en aan Gods wetsorde onderworpe is" en

(iii) "dat menslike reg geheel en al menslik is".

By stof, plant, dier en mens tref ons geen reg aan nie en vir sover hulle regsobjekte is, is hulle dit kragtens hulle verhouding tot die mens (1970:8).

Stoker presiseer enkele van die begrippe waarmee hy werk aan die hand van 'n viertal onderskeidings, nl. *menseregte, regsnorme* en die *regsorde;* die *ontiese* en die *positiewe* reg; die *orde van skepping* en die *orde van verskeurdheid* en die *vaste en dinamiese* kante van die reg (1970:8-13).

*Menseregte* verstaan Stoker in voorwetenskaplike sin as "my reg" of "sy reg" ten opsigte van sowel die individu as die onderskeie samelewingskringe. Met "menslreg" bedoel hy dieselfde as wat algemeen onder subjektiewe reg verstaan word. Hy verkies egter die begrip "mensreg" vir sover die term "subjektiewe reg" meersinnig en verwarrend is. In 'n artikel met die titel " *'n Kursoriese Besinning oor Menseregte*" omskryf Stoker ontiese menseregte as "aansprake wat die mens het kragtens sy fundamenteel kreatuurlike menswees, kragtens sy kreatuurlike fundamentele aard, struktuur, funksies, take en bestemming" (1967:115). In hul diepste wortels is ontiese menseregte gunste, vergunnings, voorregte wat God met die skepping van die mens aan die mens geskenk het. Teenoor God kan die mens as mens geen enkele reg, geen enkele aanspraak laat geld nie. Sy regte as mens het hy geheel en al aan God alleen te danke, en geeneen daarvan dra 'n absolute karakter nie (1967:115).

*Regsnorme* is enersyds die wette deur 'n menslike owerheidsorgaan (staatlik en nie-staatlik) daargestel maar andersyds is dit ook die beginsels van die ontiese- of natuurreg (1970:9).

Die *menseregte* in samehang met *regsnorme* vorm weer die *regsorde* (1970:9).

Onder *positiewe reg* verstaan Stoker alle reg wat deur die mens gepositiveer is wat 'n onbeskrewe usansie- of gebruiksreg insluit. *Positiewe reg* noem Stoker ook *stellige reg*. Met betrekking tot die vorming van die positiewe reg onderskei Stoker twee probleme:

(i) die mens vorm nie altyd die reg goed nie (d.w.s. op juiste wyse, nie) maar

(ii) die mens vorm dikwels ook skynreg (d.w.s. onreg) in die gedaante van reg.

Die eersgenoemde probleem skryf Stoker toe aan die menslike onvolmaaktheid en gebrekkigheid. Ten opsigte van die laasgenoemde probleem meen Stoker dat mens die bestaan van *'n dieper* (goeie of ware) reg moet aanvaar waaraan die positiewe reg dan gemeet kan word (1970:9). Hierdie dieper reg noem Stoker ontiese reg. Hy spreek van ontiese reg omdat "... dit met die syn of bestaan van die mens gegee is, 'n synde is en dus bestaan" (1970:10). Onder ontiese reg verstaan Stoker wat gewoonlik onder natuurreg verstaan word (naamlik 'n "goeie" of 'n "ware" of 'n "regte" reg). Hy wyk van die naam "natuurreg" af omdat dit meersinnig en verwarrend kan wees. In sy besinning

beperk Stoker homself in hoofsaak by die ontiese reg, wat te onderskei is in menseregte, regsnorme en 'n regsorde (1970:10).

Stoker wil die hele aangeleentheid van die reg in die lig van die motief van skepping, sondeval (of verskeurdheid soos hý dit veelal noem) en verlossing benader. Hy skenk besondere aandag aan veral die aangeleentheid van skepping (met mindere aandag aan verskeurdheid en vir die doeleindes van sy lesing geen aandag aan verlossing nie: "... hoe belangrik dit ook mag wees"). In die orde van verskeurdheid sien Stoker die ontstaansbron van die stryd tussen reg en skynreg en reg en onreg (1970:11).

Stoker beklemtoon dat hy met die orde van skepping ook bedoel die skepping van ná die sondeval vir sover dit nog sképping gebly het en nie deur die sonde besmet is nie. Deur die reg in die lig van die orde van die skepping te benader, doen hy dit in die lig van die feit dat daar nog reg is wat rég gebly het ten spyte van die sondeval. In hierdie verband is dit metodologies korrek om eers met die orde van die skepping voor die sondeval te begin en daarna die aangeleentheid van die sondeval in die ondersoek na die reg by te bring Reeds hier maak Stoker voorbrand vir sy latere gedagte dat mens nie die reg in die eerste plek kan sien as afweging of regulering van belange nie omdat dit impliseer dat die reg van die kant van die sondeval benader word.

In sowel die orde van skepping as in die orde van verskeurdheid word die onderskeid tussen menseregte, regsnorme en die regsorde steeds gehandhaaf.

In verband met sy geskiedenisbeskouing onderskei Stoker die historiese nie as 'n modaliteit (soos Dooyeweerd nie) maar as 'n universele kant (of dimensie) van die kosmos (vgl. Stoker, 1937; 1938; 1948a; 1948b en 1964). Hierdie uitgangspunt is vergelykbaar met Dooyeweerd se siening van die tyd wat alle sin-sye van die werklikheid deurspoel (vgl. Dooyeweerd, 1940). Stoker maak in hierdie verband melding van 'n *dinamiese kant* van die kosmos wat alle aspekte van die werklikheid deursny op so 'n wyse dat elke aspek wesenlik dieselfde bly, maar tog ook 'n dinamiese kant vertoon. Van die reg verklaar Stoker (1970:12):

> "Ook die reg is *dinamies* (het deel aan die geskiedenis) maar bly as reg rég, en verander nie in byvoorbeeld denke of ekonomie of die sedelike of wat ook al nie".

Die ontiese reg het ook sy geskiedenis wat onder die leiding of bestiering van die wil van God staan (1970:12-13).

**Ampsbehartiging, ampsbediening en-**

Die onderskeid tussen menseregte, positiewe reg en die regsorde, ontiese en positiewe reg en die orde van die skepping en verskeurdheid, word by sowel die vaste as die dinamiese kante van die reg aangetref.

## 2. DIE MENSLIKE REG EN DIE STATUS VAN DIE MENS

Volgens Stoker is geheel die kosmos uitsluitlik kreatuurlik. Daarom is menslike reg kreatuurlik en kan stof, plant en dier vanweë hul verhouding tot die mens slegs as regsobjekte aan die regsverkeer deelneem (1970:13). Hierby meen Stoker dat die reg wesenlik by die mens self gesoek moet word, met die oog op sy besondere status in die skepping: die mens is toerekenbaar in die vervulling van sy Goddelike kultuuropdrag (om die skepping te beheers). As geskapene na die beeld van God, is die mens ook 'n *mandator Dei* — " 'n verteenwoordiger" van God wat as kneg die skepping in die naam van God regeer. Die mens is egter ook 'n eenheidswese wat verskeie middele tot sy beskikking het vir die uitvoering van sy opdrag, en een van hierdie middele is die reg (1970:14-15).

Met die sondeval is hierdie status van die mens nie vernietig of opgehef nie maar slegs verskeur: daar het sprake gekom van 'n stryd tussen lig en duisternis. In hierdie verskeurdheid kulmineer die probleem van reg teenoor onreg of skynreg. Waar Stoker hiér die klem laat val op die reg as menslike reg, laat hy duidelik verstaan dat dit nie soseer daarom gaan dat hy die reg vanuit die persoonlikheidseienskappe van die mens self wil gaan verstaan nie, maar dat hy die *menslike reg* in die lig van Gods woordopenbaring wil gaan verstaan (vgl. 1970:13-17).

Stoker skenk besondere aandag aan die reg as synde saamhangend met die *status* (funksies en doel) en die *aanstelling* of opdrag van die mens in die skepping. *Status* en *aanstelling* vat Stoker saam onder die hoof "amp". Die nakoming van hierdie amp betitel Stoker "ampsbehartiging".

Hier moet besonder goed op 'n fyn nuanse in Stoker se onderskeidings gelet word aangesien dit tot moontlike misverstande aanleiding kan gee, soos blyk uit die gespreksvoering tussen L.M. du Plessis en D.F.M. Strauss oor die vraag of "ampsbediening" of "ampsbehartiging" volgens Stoker die ware aard van die reg weerspieël. Hieronder word in meer detail hierop teruggekom.

Stoker omskryf "amp" soos volg (1970:65):

> "Amp is 'n betrekking (of 'n verhouding) waarin iemand (*in casu:* die mens as mens — as enkeling en in samelewingskringverband) deur 'n

> gesaghebber (*in casu:* God) benoem word om 'n betrokke diens (*in casu:* natuurbeheersing, kultuurskepping, sorg vir die mens, diens van God — samevattend: roepingsvervulling) volgens die betrokke ampseise (*in casu:* die betrokke norme) te behartig, verantwoordelik aan hom (*in casu:* God) wat aan hom (die mens as mens) as ampsdraer deur die gesaghebber ... toevertrou word".

In hierdie sin is alles wat die mens doen amptelik (want alles is roepingsvervulling). Sou die beskuldiging gemaak word dat die siening van ampsbeharti- ging as wesenskenmerk van die reg té eng is, dan, sê Stoker, is die verweer dat die mens net moet let op hoé wyd sy siening van amp is. Onreg, as teenkant van reg, is dan ampskending.

Kortliks kan Stoker se siening soos volg saamgevat word:

> "God bepaal wat elke mens se roeping is. Daar moet voorsiening gemaak word vir die roepingsvervulling van die mens. Die reg maak voorsiening dat elke mens sy roeping kan vervul".

In hierdie sin rus menseregte die mens vir sy ampsbehartiging toe, terwyl regsnorme, as verordeninge vir die regshandelinge van die mens, vir die onderlinge verhouding in ampsbehartiging geld. Die regsorde is die amptelike behartigingsorde van geheel die menslike samelewing. Die ontiese reg is die ampsbehartiging soos wat dit met die mens-wees van die mens gegee is, terwyl die positiewe reg die wyse is waarop die positiveerder die ampsbehartiging vorm, laat geld en uitbou.

Anders as wat L.M. du Plessis beweer, dui "ampsbehartiging" vir Stoker op die *aard* van die reg. Dit doen Stoker na analogie van sy siening van die etiese as "persoonsbehartiging". Stoker verklaar:

> "Maar tot die kring ('modaliteit', 'sfeer') van die menslike reg behoort tog ook onreg; en onreg is (in sy onderskeid van bv. die onsedelike, die onekonomie, die lelike, die onware, ens.) net so uniek en onherleibaar as die 'goeie' reg. In antwoord op hierdie probleem sou ek wil stel dat ons reg in omvattende sin kan omskryf as *ampsbehartiging*" (1970:65-66).

D.F.M. Strauss (1971:151) het dus gelyk waar hy verklaar:

> "Na analogie van sy onderskeiding tussen persoonbehartiging as kensketsings van die etiese en persoonsliefde en persoononliefde as die

> sedelik-goeie en onsedelike onderskeiding ..., meen Stoker dat hy reg in omvattende sin kan omskryf as ampsbehartiging; die 'goeie' reg as ampsbediening en onreg as ampskending ... Vervolgens gebruik hy 'menslike reg' en 'ampsbediening' as sinonieme".

L.M. du Plessis (1978:637) het dit dus mis waar hy verklaar:

> "Strauss beweer foutiewelik dat Stoker van amps*behartiging* praat (Stoker praat van amps*bediening*) en op grond van hierdie fundamentele vergissing paralelliseer Strauss ampsbehartiging in juridiese sin met Stoker se verwysing na persoonbehartiging in etiese sin".

Hierdie vergissing van Du Plessis moet gewyt word aan die feit dat hy met onakkurate onderskeidings werk. Elders (1973:26) verklaar hy:

> "Status en aanstelling gaan vat Stoker nou saam onder die hoof 'amp' en die nakoming van hierdie amp gaan betitel hy 'ampsbediening' en die logiese konsekwensie hiervan is dat hy die reg fundamenteel kan gaan tipeer as ampsbediening".

Dit is duidelik dat Du Plessis nie onderskei tussen die *aard* van die reg as *ampsbehartiging* en onreg as *ampskending* nie. Hiermee doen Du Plessis Stoker se opvatting geweld aan soos later, by sy beoordeling van sy kritiek op Stoker, sal blyk.

Volgens Stoker is daar ook sprake van *ampsbediening* volgens die orde van die skepping, *ampsbediening* as vas en dinamies, *ampsbediening* as synde universeel geldend, *ampsbediening* as iets unieks, *ampsbediening* as ordebepalend, *ampsbediening* as iets basies en *ampsbediening* as iets wat geld. *Ampskending* as teenstelling tot *ampsbediening*, laat sigself ook wel deeglik geld. Hierdie ampskending moet deur middel van straf geannuleer word.

## 3. DIE ONTIESE EN POSITIEWE REG

Volgens Stoker is die erkenning of ontkenning van die bestaan van die ontiese reg meerendeel 'n voorwetenskaplike lewens- en wêreldbeskoulike vraag waarby die mensbeskouing 'n baie belangrike rol te vervul het. Antropologies is veral belangrik dat die mens in sy wese 'n beantwoorder is wat antwoord op die roepstem van God — ook in die positivering van sy reg. Stoker wy vervolgens sy aandag aan die vraag *hoe* hierdie antwoording van die mens verstaan moet word.

Stoker bepaal eerstens die aandag by die woord "vergeld" wat hy met 'n "nuwe" betekenis gaan beklee. Hy let hier op die premorfeen *ver-* wat in Afrikaans die betekenismoment dra van "laat wees" of "maak" bv. *verfraai* (fraai laat wees of fraai maak), *ver*christelik (Christelik laat wees of Christelik maak), ens. *Ver*geld sou dan in hierdie sin beteken "geldig" laat wees" of "geldig maak" (1970:50-51). Aan die hand van die betekenis wat Stoker aldus aan vergelding gaan toeskryf, formuleer hy die verhouding tussen die ontiese- en positiewe reg soos volg:

> "Wat jou met die gelding van die ontiese menslike reg (menseregte, regsnorme, regsorde) geskenk is, moet jy met die positivering daarvan láát geld om dit toerekenbaar en verantwoordelik jou eie te maak" (1970:51).

Met die positivering van positiewe reg antwoord die mens op die deur-God-gegewe ontiese reg. In hierdie sin gaan die ontiese reg dus die positiewe reg vooraf en is dit nie bloot in beginsel voorsien nie. Dit verskil van die uitgangspunte van die *Wysbegeerte van die Wetsidee* aangaande regsbeginsels as synde positiewe reg wat in beginsel in die skepping voorsien is (vgl. Van der Vyver, 1975:13). Volgens Stoker bestaan die ontiese reg as synde met die mens-wees van die mense gegewe, werklik. Die positiewe reg word na *aanleiding* van die ontiese reg gevorm:

> "Die verhouding tussen beide is dat die ontiese reg die positiewe regsvormer tot taak — as vraag, as eis — gestel is en die positiewe reg daarop 'n menslike antwoord is" (1970:52).

Uit hoofde hiervan kan die volgende afleidings volgens Stoker gemaak word:

(i) ontiese reg en positiewe reg vorm 'n asimmetriese korrelasionele eenheid: die vraag kan nie sonder die antwoord en die antwoord nie sonder die vraag bestaan nie;

(ii) die positiewe reg verrig sekere funksies wat die ontiese reg nie verrig nie;

(iii) die positiewe reg moet nie net op die ontiese reg antwoord nie maar ook daaraan beantwoord;

(iv) die positiewe reg geld as vergelding slegs kragtens die gelding van die

ontiese reg na aanleiding waarvan positiewe reg gevorm word en

(v) daar word van die positiewe reg as antwoord gehoorsaamheid aan die ontiese reg geverg (1970:53).

## 4. DIE REG MET BETREKKING TOT DIE ORDE VAN DIE SKEPPING EN DIE ORDE VAN VERSKEURDHEID

Die onderskeid tussen goed en kwaad (wat ná die sondeval ter sprake kom) is universeel en die onderskeid tussen reg en onreg is een van die uitlopers hiervan. Die mens se opvatting oor goed en kwaad word op sy beurt weer deur lewens- en wêreldbeskoulike of religieuse oortuigings medebepaal. Menslike onreg sou dan in teale konteks beteken (d.w.s. met die oog op die verhouding tot God) 'n breuk met God, verder ook 'n breuk tussen mens en mens (insluitende samelewingskringe) en laastens ook 'n breuk van die mens met geheel die kosmos (1970:54-55). Verskyningsvorme van onreg is skending van menseregte, skending van die menslike ontiese- en positiewe reg, skending van die reg in sowel sy vaste as historiese dinamiek.

Volgens Stoker moet dit wat hierbo geskend (kan) word telkens gebruik word om onreg teen te gaan. Hierdie verset teen onreg moet wees universeel, uniek, teen wanorde gerig, basies en geldend omdat onreg universeel, uniek, in teëstelling tot die reg chaos en wanorde, basies en anti-gelding is (1970:55).

Omdat onreg, as chaos en wanorde, die bestaansmoontlikhede van geheel die samelewing bedreig, moet die samelewing daarteen beveilig word (en dit is nie net die taak van die staatlike owerheid nie (d.w.s verdediging, verweer, verset, verbod, belet ens.) maar ook positief: deur handhawing en uitbouing van die reg, deur opvoeding en juridiese selfvorming, deur juridiese waarbaarmaking, deur die bevordering van geregtigheid en regverdigheid en deur getrouheid aan status (en funksies) of aanstelling.

Onreg moet dus bestry word op so 'n wyse dat reg gehandhaaf word — nie slegs verdedigend nie maar ook aanvallend. Die onregpleger moet verder *gestraf* word.

Straf is in die laaste instansie 'n eis van God wat sowel annulerend (dit moet onreg uitwis) as herstellend met betrekking tot die geskonde reg, moet wees (1970:57).

## 5. L.M. DU PLESSIS SE KRITIEK OP STOKER SE REGSBESKOUING

Die belangrikste punte van L.M. du Plessis se kritiek teen Stoker se regsbeskouing kan kortliks soos volg weergegee word:

(i) Die onbevredigende wyse waarop Stoker 'n relasionele verband tussen die positiewe- en ontiese reg smee en nie behoorlik tussen die konstitutiewe en regulatiewe momente in die ontiese reg onderskei nie (1978:635). Hierdie kritiek slaan meer bepaald op Stoker se alleidings van die verhouding tussen ontiese- en positiewe reg dat die positiewe reg as antwoord aan die ontiese reg as eis geverg word en die positiewe reg as ver-gelding na aanleiding van die ontiese reg gevorm word. Hierdie kritiek is ietwat ongeregverdig en spruit enersyds uit 'n verkeerde interpretasie van Stoker en andersyds uit 'n gebrek om Stoker se onderskeidings konsekwent te volg. In 'n ander geskrif van Du Plessis (1973:23) interpreteer hy Stoker se vierde afleiding dat "die positiewe reg ontleen sy gelding aan die ontiese reg". Stoker beroep hom egter nooit daarop dat die positiewe reg sy gelding aan die ontiese reg ontleen nie. Die ontiese reg vervul vir Stoker nie die rol van óf regsbegrip óf regsidee nie. Stoker erken die bestaan van die onderskeiding tussen regsbegrip en regsidee maar gaan maar net nie daarop in nie. Daar is geen rede om aan te neem dat sy opvattings in hierdie verband veel van dié van Dooyeweerd sal verskil nie:

> "Daar is nog ander belangrike onderskeidings waaronder bv. dié tussen subjektiewe- en objektiewe reg, reg volgens die onderskeie kosmiese dimensies en reg volgens die modaliteite- (of wetskring-) leer van die *Wysbegeerte van die Wetsidee* (Dooyeweerd/ met sy sinskern, antisipasies en retrosipasies, asook sy regsbegrip. Maar ons *beperk* die onderhawige *besinning* in hoofsaak tot die *ontiese reg volgens die orde van skepping.* Ons beoog dit om veral die aard en rol van hierdie reg te vind omdat dit onses insiens as grondslag dien vir alle verdere ondersoek van die menslike reg" (1970:13).

Deur Stoker se regsopvatting in 'n regsbeginsel/regsidee omlysting in te kapsel laat Du Plessis nie volle reg aan die ontiese reg volgens die orde van die skepping wedervaar nie.

(ii) Stoker se sondebeskouing is onrealisties. Die mens kan in hierdie bedeling nooit — selfs nie eens wesenskouend selektief-relevant van die sonde afsien nie: die sonde verduister deurentyd die mens se skoue, sy denke, sy dade, sy analises en sy insigte. Ten einde selektief-relevant van die sonde te

probeer afsien, moet Stoker 'n *orde van verskeurdheid* konstrueer en dan vergeet hy dat die ondersoeker van die kosmos 'n slagoffer van die sonde bly (Du Plessis, 1978:635-636). Hierdie kritiek gee daarvan blyke dat Du Plessis nie 'n oog vir die mens se voorwetenskaplike ervaring van 'n "goeie" reg het nie. Stoker beklemtoon dat 'n selektief relevante afsien van sonde *by benadering* moontlik is omdat die skepping (nieteenstaande sy deformasie deur sonde en kwaad) skepping gebly het en omdat Gods Woordopenbaring ons hierin rigtende leiding gee. Hiervan sê Stoker:

> "*By benadering,* want ook die gelowige ondersoeker is in hierdie bedeling nog sondaar met 'n verduisterde rede; en daarom heers daar juis ook onder Christene verskil en stryd. Maar dit ontneem die Christen nie die verpligting om met sy wetenskapsbeoefening — ook insake die menslike reg — na die orde van die skepping te vra nie" (1970:11).

Volgens Du Plessis se kritiek sou dit beteken dat die mens nie voor-wetenskaplik 'n begrip van 'n ideale reg kan hê om *idealitêr* na te streef nie.

(iii) 'n Erkenning van die radikaal-integrale karakter van die sonde, beklemtoon die noodsaak aan 'n regulatiewe maatstaf waaraan die positiewe reg (wat uiteraard gebrekkig sal wees) gemeet kan word. Die ontiese reg kan net hierdie funksie vervul mits dit tot die orde behoort van "iets" wat nie in die sonde geval het nie (Du Plessis, 1978:636). Du Plessis beland hier in ietwat 'n eienaardige impasse aangesien Stoker juis melding maak van menslike reg volgens die *orde van die skepping* (m.a.w. vóór die sondeval). Die ontiese reg volgens die *orde van die skepping* vorm juis die reg waarvan die positiewe reg moet beantwoord. Daardie ontiese reg kan inderdaad by *benadering* geken word, aangesien die gelowige ondersoeker nog sondaar met 'n verduisterde rede is (Vgl. Stoker, 1970:11).

## 6. L.M. DU PLESSIS SE BESKOUING VAN DIE AARD VAN DIE REG

Dat Du Plessis heelwat van Stoker "geleen" het erken hy self (1978:799). Du Plessis se opvatting verskil egter ook in verskeie opsigte van dié van Stoker.

Volgens Du Plessis impliseer *amp* meteen *orde, normatiwiteit* en *status.* Oor die normatiwiteitselement verklaar Du Plessis (1978:799):

> "Normatiwiteit is kenmerkend van alle modaliteite, aangesien die

> modaliteite *qua* konstante Woordordeninge juis *antwoordingsmoontlikhede* met die oog op die vorming van modale norme ... bied."

Normatiwiteit is aldus Du Plessis nie 'n raak omskrywing nie en is *normmatigheid* (of beter *normpotensialiteit*) 'n meer gepaste formulering. Vanuit die kant van normmatigheid benader lê Du Plessis klem daarop dat die reg altyd binne 'n bepaalde *orde* beskerm. Saam met die amptelikheid van die reg sou volgens Du Plessis *beskerming* en status as onmiddelike nadere omlynings van die wesensaard van die reg genoem kan word.

Du Plessis (1978:800) het dit in besonder teen Stoker se toevoeging van "bediening" tot "amp", aangesien "bediening" (net soos "vergelding") reeds op die *funksionering* van die reg binne 'n bepaalde orde appelleer en dus nie 'n *orde-konstituerende* konnotasie het nie. Hierbo is reeds opgemerk dat Du Plessis nie Stoker se onderskeidingsnuanse tussen *ampsbehartiging* en *ampsbediening* gevat het nie. As sodanig onderskei Du Plessis nie tussen dit wat die reg *is* en die *aard* van die reg nie. Vir Stoker *is* "goeie" *menslike reg* sinoniem met *ampsbediening:*

> "Dit beteken dat ons menslike reg as ampsbediening en ampsbediening as menslike reg moet verstaan" (Stoker, 1970:88-112).

Die *aard* van die reg (as ampsbediening en as ampskending) is *ampsbehartiging. Ampsbehartiging* (d.w.s. *ampsbediening* sowel as *ampskending*) is *uniek,* nie tot iets anders herleibaar nie. Ampsbediening is dus 'n *wyse* waarop die mens sy amp behartig. Die teenkant hiervan is ampskending.

Teen die agtergrond van die onderskeid tussen ampsbehartiging en ampsgeborgenheid word dit betwyfel of Du Plessis se tipering van die wesensaard van die reg as *ampsgeborgenheid* verder as *ampsbehartiging* gaan om die wesensaard van die reg aan te dui.

Uit Du Plessis (1978:799-802) se uiteensetting blyk dat hy nie duidelik tussen die *aard* van die reg en wat die reg *is* onderskei nie. Waar Du Plessis dit oor *ampsgeborgenheid* het gaan dit in essensie dus nie oor die wesens*aard* van die reg nie maar om die reg self. Beter nog, die ordekonstituerende rol van die reg. Vir sover *ampsgeborgenheid* dus, as besondere kenmerk van die reg, op die ordekonstituerende rol van die reg (menseregte en regsnorme) dui kan met Du Plessis saamgestem word.

Die verdere probleem wat uit Du Plessis se regsteorie spruit is sy gebruik van die

begrip "normpotensialiteit". As sodanig kan dit tot misverstand aanleiding gee aangesien, volgens Stoker, norme nie potensieel bestaan nie maar dat die reg (menseregte en regsnorme) deur God aan die mens gegee word. In hierdie opsig verskil Stoker se uitgangspunte van dié van die *Wysbegeerte van die Wetsidee* waarvolgens die reg uit vóór-positiewe prinsipes bestaan, waaruit positiewe reg gepositiveer word (vgl. Dooyeweerd, 1958; Van der Vyver, 1975:13).

Du Plessis (1978:635) handhaaf in die algemeen, die kritiek dat Stoker op onbevredigende wyse 'n verband tussen positiewe en ontiese reg smee. Die probleem wat Du Plessis in hierdie verband in die oog het sluit klaarblyklik aan by die kritiek wat Van der Vyver (1975:15) teen Stoker se menseregtebeskouing as sodanig het, vir sover Stoker die bestaan van ontiese menseregte erken. Van der Vyver sê die volgende (1975:15):

> "Die ontiese menseregte waarvoor Stoker 'n plek wil inruim, is dié wat nie uit die sondeval voortgespruit het en vir hulle bestaan van sonde en sondebedorwenheid afhanklik is nie; en die vraag ontstaan of sulke menseregte noodwendig relevant en inhoudelik diensbaar is juis in 'n sondebedorwe wêreld. Dit is na my mening sinneloos om te bepaal dat die mens se aanspraak op X 'n fundamentele reg is, omdat hy daardie aanspraak afgesien van die sonde het, en dat die mense se aanspraak op Y nie 'n fundamentele reg is nie, omdat daardie aanspraak voortspruit uit die sonde, terwyl die aanspraak op Y juis in 'n sondebedorwe wêreld veel meer fundamenteel en noodsaaklik mag wees as die aanspraak op X."

Hierdie kritiek getuig daarvan dat Van der Vyver die gelding van die ontiese reg misverstaan het:

(i) Stoker onderskei tussen die orde van die skepping en die orde van verskeurdheid vir sover dit met die realiteit van die sondeval rekening hou. Volgens Stoker (1967:120) word nuwe menseregte nie met die voortgang van die geskiedenis geskep nie: "Want hulle is kreatuurlik 'vas'. Alle kreatuurlike ontiese menseregte is reeds met die skepping van die mens en sy ontiese moontlikhede gegee. Wat wel moontlik is, is dat met die opeenvolgende take (in die kontingente voortgang van die geskiedenis) onder die bestiering van God aan die mens met sy moontlikhede gestel, 'n toenemende differensiasie van ontiese menseregte mag ontstaan". Die mens het dus hierdie regte wat met sy mens-wees gegee is. Die mens saam met sy menseregte het egter in sonde geval.

Van der Vyver (1975:15) se kritiek mis dus hierdie faset van Stoker se teorie. Daar is geen aansprake wat uit die sonde voortspruit nie — die mens hét hierdie ontiese regte. Hoewel die mens en sy menseregte in sonde geval het behóú hy steeds sy ontiese regte en word hulle nie iets anders soos byvoorbeeld kleure of gedagtes of diere nie. Daar is dus geen aansprake wat uit die sonde kan voortspruit nie.

Vir sovêr Van der Vyver dit hier oor *diensbaarheid* het kan genoem word dat God die mens sy menseregte gegee het om sy roeping te vervul. Menseregte is dus aan die mens gegee sodat die mens homself ook hiervan kan laat be-*dien*. Hierdie menseregte is dus beslis ten seerste diensbaar in 'n sonde bedorwe wêreld. Weens die sondeval is ook die mens se *diens* en be-*diening* verskeur. Dit verhoed egter nie die mens om sy amp te *behartig* deur sy amp te be-*dien* nie. Menseregte is dus nie van die sondeval *afhanklik* nie maar regte waarvan die mens hom ook moet laat be-*dien* om sy roeping te vervul en sy amp te behartig. Menseregte is geen hipotetiese of fiktiewe regte wat aan die hand van 'n hipotetiese of fiktiewe staat (bv. natuurstaat, vgl. Jean Jacques Rousseau 1755:pr. 35) gekonstrueer word nie. Die uitgangspunt in terme waarvan menseregte deur die mens vir die *diens*-baarheid daarvan ge-*skep* word is in essensie humanisties en loën God se skepping (ook van menseregte).

Selfs 'n kursoriese blik op Stoker se regsteorie open belangwekkende nuwe perspektiewe vir verdere ondersoek. Tot op die hede was dit veral Du Plessis (1978), Van der Vyver (1975a en 1975b) en Coetzee (1974) wat die meriete hiervan blootgelê het. Die gedagte dat sowel die owerheid as die onderdaan sy amp moet behartig en sy roeping moet vervul word deur Coetzee (1974:396) beklemtoon:

> "Vir die Christen spruit hierdie behoefte van die mens voort uit die feit dat die mens nie bloot deur God op aarde geskep is nie, maar dat hy op die aarde geplaas is met 'n taakopdrag of -opdragte wat hy moet uitvoer, en waaroor hy verantwoording moet doen. Juis hierdie afhanklikheidsverpligting van die mens tot God verleen aan die mens sy regte teenoor ander mense en teenoor die staat. As ons dus sê 'die mens behoort sy roeping te vervul' (pligsvervulling dus) beteken dit ook 'die mens het die reg om sy roeping te vervul' ".

Ook die staat moet sy roeping vervul en *het* waardigheid.

BIBLIOGRAFIE

COETZEE, J.A. 1974. Owerheid en onderdaan. *Tydskrif Vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg,* 389 Bd 37.
DOOYEWEERD, H. 1940. Het tijdsprobleem in de Wijsbegeerte der Wetsidee. *Philosophia Reformata,* 160 Bd 5.
DOOYEWEERD, H. 1958. Een nieuwe studie over het Aristotelisch begrip der gerechtigheid. *Rechtsgeleerd Magazijn Themis,* 3.
DU PLESSIS, L.M. 1973. Die regsopvatting van H.G. Stoker. Ongepubliseerde Klasdiktaat. Potchefstroom, PU vir CHO.
DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom, PU vir CHO.
ROUSSEAU, J. J. 1755. *Discours sur cette question proposée par l'Académie de Dijon: Quelle est l'origine de l'inégalite parmi les hommes et si elle est autorisée par la loi naturelle?* Parys, Nouvelle édition, revue d'après les Meilleurs textes.
STOKER, H.G. 1937. Iets oor kousaliteit. *Philosophia Reformata,* 66 Bd 2.
STOKER, H.G. 1938. Iets oor kousaliteitskennis. *Philosophia Reformata,* 1 Bd 3.
STOKER, H.G. 1948a. Gelyktydigheid. *Tydskrif vir wetenskap en kuns,* 32 Bd 8.
STOKER, H.G. 1948b. Die problematologie van die tydsvorme, *Tydskrif vir wetenskap en kuns,* 47 Bd 8.
STOKER, H.G. 1964. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. *Philosophia Reformata,* 1 Bd 29.
STOKER, H.G. 1967. *Oorsprong en Rigting* Band I. Kaapstad, Tafelberg Uitgewers.
STOKER, H.G. 1970. Die aard en rol van die reg: 'n wysgerige besinning. Johannesburg: *Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit,* A36.
STRAUSS, D.F.M. 1971. Die aard en rol van die reg — 'n bespreking van H.G. Stoker se besinning oor die onderwerp. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 149 Bd 7.
VAN DER VYVER, J.D. 1975a. *Die beskerming van menseregte in Suid-Afrika.* Kaapstad, Juta.
VAN DER VYVER, 1975b. Hedendaagse Calvinistiese en Roomskatolieke natuurregsteorieë. *Tydskrif Vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg,* 119 Bd 38.